Ontleding van *Die Kind* (uittreksel)

Deur: Ronel Gouws

  - Die konflik toon hoe moeilik dit vir Amazolo is om nie vir die kind te sien nie en hoe onselfsugtig sy is om weg van hom te bly.
- Amazolo wil naby aan die kind wees, maar sy besluit ter wille van hom om Msinga te verlaat en weg te trek.
  - Die konflik toon hoe onselfsugtig Amazolo is om ter wille van die kind weg te trek. Sy aanvaar dat sy gestraf word omdat sy die kind as baba verwerp het. Haar innerlike stryd oor die verlede is 'n voorbeeld van die wroeging wat mense kan ondergaan oor dinge wat hulle in hul verlede verkeerd gedoen het. Vir Amazolo word haar fout reggestel deur die toekoms wat sy aan haar seun kan gee.

Toets jouself

1. Verstaan jy hoe die verskillende soorte konflik verskil?
2. Is dit vir jou duidelik watter invloed die konflik tussen karakters op hul verhoudings het?

Bou

Die bou van die roman is die struktuur daarvan.

- In die **inleiding** van 'n verhaal leer ken die leser iets van die omstandighede (*circumstances*) waarin die gebeure plaasvind, die tyd en plek waar die gebeure plaasvind en van die karakters. In Die kind leer ken ons Amazolo en haar omstandighede. Thandi se besluit om te sê Amazolo moet die kind vir haar teruggee, is die einde van die inleiding.
- In die **verwikkeling** bou **spanning** op en afwagting word geskep. In *Die kind* is daar verskeie insidente wat spanning veroorsaak, soos wanneer die honde vir Amazolo en die kind opspoor, wanneer Sipho Amazolo se geld steel, wanneer Mlenzana vir Amazolo en die kind vind, wanneer Amazolo byna sterf, en wanneer Sipho vir Mlenzana vermoor.
- Die **klimaks** of **hoogtepunt** is die onvermydelike (*inevitable*) krisis waartoe 'n verhaal opbou. Die kind bou op tot die krisis wanneer Zolile besef wie sy ouers is en die hoogtepunt volg wanneer hy vir Amazolo gaan haal.
- In die **ontknoping** (*denouement*) neem die spanning af tot die slot voorkom. In *Die kind* gaan haal Zolile Mlenzana se beendere en gaan Nomsa vir Amazolo as Zolile se aanstaande bruid ontmoet.

Dramatiese ironie kom voor wanneer die leser iets weet wat 'n karakter nie weet nie. Dit kan die spanning in 'n verhaal laat styg.

'n Voorbeeld van dramatiese ironie is wanneer die leser weet dat Mlenzana dood is, maar net Sipho dit weet en die ander karakters dit nie weet nie. Ons wonder dan hoe Amazolo en Zolile gaan reageer as hulle van Mlenzana se dood hoor. Dit skep spanning en afwagting.

Toets jouself

1. As daar spanning in 'n storie is, maak dit 'n mens lus om verder te lees. Kan jy dinge identifiseer wat jou lus gemaak het om die storie verder te lees?
2. Dink jy konflik lei altyd tot spanning?

Karakters, verhoudings tussen karakters en karakterisering

Soorte karakters

In romans wat ons boei en ons laat voel dis die moeite werd om te lees, is karakters dikwels 'n uitbeelding van die soort karakters wat ons in die werklike lewe aantref – en werklike mense is meestal komplekse karakters. Die verduidelikings hier onder is dus 'n vereenvoudigde riglyn vir jou studie van die karakters in *Die kind*.

In romans kry 'n mens twee hoofsoorte karakters:

- **Hoofkarakters** is komplekse karakters. Ons sien verskillende kante van hul persoonlikhede. Daar vind ontwikkeling in hulle plaas. Hulle word soms ook **ronde karakters** genoem.
- **Newekarakters** of **bykarakters** is minder belangrik. Hulle kan staties (*static*) en voorspelbaar *(predictable)* wees, en ontwikkel min of glad nie. Hulle is dikwels net óf goed óf sleg. Hulle word soms ook **plat karakters** genoem.

Hoofkarakters

Die **hoofkarakters** in *Die kind* is Amazolo en die kind (later Zolile). Albei is ronde karakters, want hulle karakters het verskillende fasette (*facets*). In albei vind daar ontwikkeling (*development*) plaas.



- Amazolo is **tradisievas**. Die tradisionele Zoeloegebruike is vir haar belangrik. Sy wil byvoorbeeld in 'n iqhugwane te bly. Sy wou nie saam met Mlenzana Johannesburg toe gaan nie omdat sy naby haar mense wou bly.
- Sy is 'n **sterk** mens. Na die kind se geboorte ignoreer sy hom en verander nie wanneer die ander mense haar kritiseer nie. Wanneer Thandi die kind wil hê, vlug sy alleen met die kind.
- Sy is **onafhanklik**. Sy verdien self geld deur in mense se huise te werk, potte te maak en later klere te maak.
- Sy is **onselfsugtig**. Al wil sy die kind hou, laat sy hom na Thandi gaan omdat die Mutwas hom 'n goeie lewe kan gee. Wanneer Mvula en Thandi vra dat Amazolo uit Msinga wegtrek, doen sy dit ter wille van die kind.

Uittreksel uit Pearson se studiegids oor *Die Kind*